4 August 2016

We would like to inform everyone that the new council was elected on 23 July 2016. We would like to thank the outgoing President, Izak Hofmeyr for 4 great years that he served as President and also Anette van Veenhuysen that was in charge of our events. You will be missed, but we hope that your involvement will not cease.

Aan die nuwe President, Braam Olivier en sy visie, Paul van Dam, wil ons baie welkom sê en sterkte toewens. Julle kom op 'n tyd dat die perdebedryf erg onder druk is en waar kwessies soos CEM daadwerklik aandag moet kry. Aan Maret Scholtz wat by Anette oorneem wil ons ook geluk sê en sterkte toewens.

Ons het tydens die AJV inligting deurgegee oor 'n nuwe werkswyse wat ons met SA Stamboek kan aangaan. Dit behels baie meer elektroniese skakeling en baie minder papierwerk. Telers en kopers van perde kan byvoorbeeld sertifikate nou elektronies stuur en ontvang en ons hoef nie meer te wag vir mense om papiere aan te stuur en 'n posdiens wat elke nou en dan nie werk nie. Die versoek het van die vloer af gekom tydens die AJV dat daar steeds lede is wat hulle sertifikate gedruk en per pos wil ontvang, alhoewel die meerderheid 'n vinniger werkswyse met minder haakplekke verkies. Stamboek kan egter nie die stelsel dupliseer nie. Ons moet òf op 'n papierlose òf papierstelsel besluit. Vir die lede wat gedrukte sertifikate verkies sal die genootskap dit dan moet uitdruk en versend. Hierdie kostes moet dan verhaal word.

Studbook will be looking at a reduced fee for societies following the electronic system, but this will only be implemented after their next annual budget meeting. In the meantime, there will be an additional cost of R10 per horse/certificate if certificates have to be printed – this will apply to each birth notification, registration after inspection and sale. The breeders opting for the hard copy will thus be invoiced for it by the society at R10 per copy that we have to generate.

Van Stamboek se kant is die aanduiding dat die proses van aantekening en oordrag aansienlik bespoedig kan word deur die elektroniese roete te volg. Stamboek het aan ons die onderneeming gegee dat, indien ons die elektroniese roete sou wou volg, elke proses binne 24 uur afgehandel kan word – aansienlik vinniger as die huidige 3 maande en langer. Soos die van u wat reeds van die elektroniese geboortekennisgewings gebruik maak weet, verskyn die perde binne ‘n week na aantekening reeds op logix en ontvang u die papierwerk ook nou baie spoediger as in die verlede.

Indien u, as telerslid, u opinie wil gee of u die elektroniese of papier roete wil volg voel asb vry om dit aan ons te stuur by info@nooitgedachter.co.za. Hierdie epos word ontvang deur die President, Vise President en lid vir Stamboek sake. Daar sal eersdaags 'n Raadsvergadering wees waar dit in diepte bespreek sal word en ons versoek u om asb voor of op **30 September 2016** hierop terugvoer te gee. Indien ons geen terugvoer ontvang sal u geag word by die meerderheid in te val.

Nooitgedachter groete